# Boekbespreking

PJ Theo Koekemoer – Aalders, A, Den Boer, G & De Reuver, A 1984. *Barth-Kohlbrugge-Miskotte: Ontwikkeling of breuk?*

TFJ Dreyer – Faber, H (red) 1984. *Pastoraat: Balans en perspectief,* Volume 2.

PB Boshoff – Schmithals, W 1984. *Die Briefe des Paulus in ihrer ursprünglichen Form.*

HG van der Westhuizen – Wind, A 1984. *Zending en oecumene in de twintigste eeuw,* Volume 1.

WA Dreyer – Hoek, J 1984. *Man en vrouw naar Gods beeld.*

HJ Botes – De Groot, CG 1985. *Desiderius Erasmus.*

HJ Botes – Van der Walt, BJ 1985. *Johannes Hus.*

DJ Smith – Dijkman, JH 1984. *De dynamiek van Christelijke zedelijkheid.*

BJ van Wyk – De Groot, CG 1984. *Huldrych Zwingli (1484–1531): Die vurige stryder vir die Reformasie in Switserland.*

BJ van Wyk – Van der Walt, BJ 1984. *John Knox: Die Skotse Hervormer wat geen mens gevrees het nie.*

TFJ Dreyer – Smuts, AJ (red) 1985. *Die Woord aan die werk.*

HG van der Westhuizen – Cronjé, JM 1984. *Vroue met nardusparfuum.*

WA Dreyer – Van Staden, AJ 1984. *Kom ons gaan kerk toe.*

# Boekbespreking

**Aalders, A, Den Boer, G & De Reuver, A 1984 – Barth-Kohlbrugge-Miskotte: Ontwikkeling of breuk?**

Kampen: Kok. 80 bladsye. Prys onbekend.

## 1. DIE OUTEURS

Dr W Aalders is in die Teologie goed bekend. Hierdie 75-jarige professor het reeds in 1967 die leerstoel vir Protestantse Teologie aan die Rooms-Katolieke Universiteit van Nijmegen aanvaar nadat hy jare lank in verskeie gemeentes van die Nederlandse Hervormde Kerk in die bediening gestaan het. Drs A de Reuver, van die jonger garde, is in sy vroeë veertigerjare. Hy is predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk. Teologies voel hy hom tuis in die 'Gereformeerde Bond' en dien in die hoofbestuur. Ook ds Den Boer is 'n Hervormde predikant (in sy vyftigerjare). Hy is daarby dosent te Zeist waar die Nederlandse Hervormde Kerk 'n kategete-opleiding het. Verder dien hy sedert 1978 as studie-sekretaris van die Gereformeerde Bond.

Wat laasgenoemde twee here betref, sou mens kan verwag dat hulle, vanweë hulle teologiese 'ligging', die bekende kritiese vrae oor die Barthiaanse teologie hier na vore sal bring. Mens wonder by voorbaat of die terugskou, soveel *decennia* na Barth se publikasies, nie meer gebalanseerd en billik sal wees as wat dit vroeër was nie?

## 2. WAAROOR GAAN DIT HIER, FORMEEL GESPROKE?

Twee sake kom aan die orde: Eerstens kan die vraag inderdaad gestel word of die imposante en veelsydige teologie van Barth, eens op 'n tyd (na die Tweede Wêreldoorlog tot in die sestigerjare) die wentelpunt in die teologiese wêreld, nog 'n woord tot die mens op pad na die 21ste eeu te spreek het. Het die nuwere of nuutste teologieë Barth (en in Nederland veral Miskotte) nie ongedaan gemaak nie? Die outeurs wil juis aantoon dat Barth tog nie in staat was om beslissende antwoorde op die teologiese problematiek van vandag te gee nie, veral Den Boer en De Reuver. Die oorsig van Aalders oor die *Kirchliche Dogmatik* is uitstekend, maar sy kritiek soms onbillik, soos ons sal aantoon. Tweedens gaan dit hier oor die vraag of vrae in verband met teologiese

skakeling tussen Barth, Kohlbrugge en Miskotte. Geen teoloog werk man-alleen nie; hy móét luister na wat andere sê en hy moet verder ook met hulle in diskussie tree. (Hiervan getuig die *Kirchliche Dogmatik* op byna elke bladsy.) In hoeverre is Barth deur Kohlbrugge 'geïnspireer' en in hoeverre vorm Barth een van die fondamentstene in die teologie van Miskotte? Dit is immers algemene kennis dat hierdie teoloë baie met mekaar gemeen het. Vraag is nou: Hoe diep sny hierdie teologiese broederskap?

## 3. OPMERKINGS OOR DIE MATERIËLE INHOUD VAN WAT HIER GESÊ WORD

### 3.1 Aalders oor Barth

Aalders toon aan dat daar wel 'n sekere ontwikkeling in die teologie van Barth plaasgevind het, veral sedert sy 1956-toespraak oor 'Die Menschlichkeit Gottes'. Aalders was vroeër van mening dat Barth voor 1956 tot die dood toe bang was vir elke teken van verwêreldliking, vermensliking en verhistorisering van die openbaring van God. Hier word dit egter duidelik dat God in Jesus Christus 'n **verbond** met die mens maak en 'n lotsgemeenskap met die mens aangegaan het. God is 'geinteresseerd' in die mens, in die humaniteit, die kultuur en die geskiedenis. (Ek herinner my hoe een van my eie leermeesters in die laat veertigerjare Barth beskuldig het van Deïsme.) Omdat die evangelie só verstaan moet word, volg noodwendig die insig dat dit die roeping van die kerk moet wees om 'n Christokratiese broederskap te beoefen. Nou erken Aalders ruiterlik dat Barth se 1956-publikasies reeds in 1934 in kiem teenwoordig was en dat daar méér kontinuïteit in Barth se denke lê as wat hy vroeër gemeen het. Hy toon verder aan, uit die briefwisseling tussen Barth en sy boesemvriend Eduard Thurneysen, asook uit ander vroeëre artikels, dat die 'ingangsportaal' tot die teologie van Barth juis gesoek moet word in sy belangstelling (sedert sy pastoraat te Safenwil) in maatskaplik-politiese vraagstukke. Hiervoor kan onder andere sy toespraak 'Jesus Christus und die Sozialistische Bewegung' as sprekende voorbeeld geld, nog lank voor die *Römerbrief*. Hierdie 'aardse' betrokkenheid van God, sê Aalders, vorm die sleutel tot die toegang van Barth se héle teologie. Dit moet nie vergeet word nie dat die *Römerbrief* ook hoofstukke 12 tot 16 bevat waarin die leerstellige tot die praktiese oorgaan, die dogmatiese tot die etiese. Dán kom die kategoriese imperatiewe van die Woord ter sprake, die *praxis*, die gehoorsaamheid aan die genade. 'Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te

vernuwe ....' (Rom 12:2). Die latere politieke geskiedenis van Barth, die konfrontasie met die Nasionaal-Sosialisme van Hitler, het dus sy oorsprong reeds voor die jare twintig.

Kyk mens nou na sy monumentale lewenswerk, die *Kirchliche Dogmatik* se twaalf dikke dele, vind ons hierin die sistematiese, breedvoerige uitwerking van die 'vulkaniese' tendense in die tweede druk van die *Römerbrief*. Ook hier vind Aalders weer eens nie 'n breuk in die teologiese gedagtegang nie, maar wel 'n 'verkleuring'. In plaas van die profetiese 'erupsie' kom 'n sistematiese refleksie. Sy diepgaande Anselmusstudie *Fides quaerens intellectum* het 'n blywende merk op wat volg, gemaak. Vanuit die gelóóf moet álle geloofsinsigte deur middel van nadenke gebore word, die pad van *intelligere, intus legere,* die nalees en verdiepte nadenke. Hierdie 'verkleuring' het Barth self erken alhoewel hy dit nie só genoem het nie. Later verwys hy skertsend na die radikale *Römerbrief*-woorde oor die goddelikheid van God: *Hohe, Ferne, Fremde, Andere, Senkrecht von Oben, Hohlraum, Mathematische Punkt,* ensovoorts. Na die geluide van hierdie 'well roared lion' (sy eie woorde), wil hy in die *KD* 'n *retractio,* 'n korreksie aanbring: 'Wat ek toe nie ingesien het nie, was dat die goddelikheid van die lewende God sin en krag kry in die omraming van die geskiedenis en van die dialoog met die mens, en dus in samesyn met die mens ... God se goddelikheid dra dus ook die karakter van menslikheid' (*Die Menschlichkeit Gottes,* 59, 10). Die moontlikheid om só oor God te praat, ontleen Barth enkel en alleen uit sy Christologie; Hy is die werklikheid van die verbond. Dit is presies hier waar Barth later die moontlikheid opper dat teologie herdoop kan word met *theantropologie*!

Tot hiertoe is ons sáám met Aalders. Ewe skielik egter, sonder om wérklike gronde aan te dui, gewaar Aalders 'n 'oorwoekering van die sistematiek' oor dogmatiek èn voeg daarby ook nog die waarskuwing dat dogmatiek steeds kategetiek moet bly. Mens sou kan vra: Presies waar het die stroom van denke in die *KD* dan sy kategetiese perspektiewe verloor? Aalders se opmerking is onbillik dat mens 'nêrens' by Barth die behoefte sien om die denke in aanbidding te laat oorgaan nie: 'Die geheim van die neergeslane oë en van die woordelose aanbidding kom by Barth en sy leerlinge nie voor nie' (bl 21). Afgesien van die feit dat 'n teoloog, wat soos weinig ander die goddelikheid van God beklemtoon het, en daarom ook die 'logiese' gevolg van die broosheid van die mens telkens en telkens móës aksentueer, dra Aalders tog seker kennis van wat Barth in sy *KD* III, 4 par 53,3 spesifiek oor die gebed geskryf het! Hierby kan ook nog par 66, hoofstuk XV, oor die heiliging

van die mens en sy roeping tot dissipelskap en die bekering genoem word. Hiermee word maar 'n énkele voorbeeld genoem!

Wanneer Aalders verder praat oor die konsekwensies van Barth se teologie vir die Etiek, vat hy ons insiens die sake raak. Hy sê: Dit is ongeoorloof om te praat oor God of oor die mens op sigself as alleenstaande 'groothede'. Dit gaan om God wat die mens ontmoet; dit gaan om hulle tweespraak, hulle geskiedenis, hulle saamwees. Dit gaan om die verbond van God en mens in hulle onderskeiding èn eenheid. Konkreter gestel: Dit gaan om God se genade en die mens se dankbaarheid. Dáárom is die kernvraag van die Etiek 'ob und inwiefern das menschliche Tun ein Lobpreis der Gnade Jesus Christi ist' (*KD* 11/2, S.559f). Dit is volkome korrek om Barth se etiek te kwalifiseer as 'Genade-etiek'. Hierdie etiek het sy grondslag in Jesus Christus. Hierdie genade is nie iets staties nie, maar 'n lewende betrekking en 'n voortgaande gebeure. Daarom kan die Bybel nooit gesien word as 'n arsenaal met 'n aantal konkrete aanwysings vir haas elke moontlike lewensituasie nie. Lewe-uit-die-geloof beteken nie bloot die nabootsing (imitasie) van die Bybelse gelowiges van destyds nie. Ons moet weet dat ons vandag, net soos in daardie tye, bondgenote van God is en op grond daarvan moet ons glo dat God ook ons roep, opeis en aanspreek. Húlle is egter nie ons nie en ons is nie hulle nie; hulle tyd en situasie is anders as dié van ons. Alles is anders as dié van ons. Alles is anders behalwe dat hulle, net soos ons, onder die verpligtende aanspraak van die genade staan (*KD* 11/2, S.789).

Onbillik is ook die kwalifisering van Barth se teologie as 'Christomonisties' (bl 25—28). Nee, dis Christo**sentries** van begin tot end. Die héle *KD* is 'n bewys dat God die Vader en God die Heilige Gees regmatig na vore kom, van die begin tot die end. Die Christologie is inderdaad die draende en beheersende **middelpunt** in die Godsleer, Skeppingsleer, Antropologie, Etiek, Eskatologie, ensovoorts. Dit het hy Christosentries uitgebou in die **hele** *KD* tot 'n 'monument' wat iets weerkaats van die *pulchritudo Dei*, die skoonheid van God. Dat Barth se teologie 'n 'gebou' is wat spreek van 'n 'star prinsipe' wat belemmerend werk op die teologiese ontvouing van die Bybelse skatte (bl 27) kan ons insien nie. Inteendeel? En dat daar by Barth 'n inkorting van die Openbaring as gevolg van sy sistematiseringsdrang (bl 30) plaasgevind het, kan ons nie mee instem nie. Die openbaring kom juis van voor tot agter in die *KD* tot sy reg. Reeds in sy inleiding tot *KD* 1/1, hoofstuk 2, is 'Die Offenbarung Gottes' sy vertrekpunt en nóóit verloor hy dit uit die oog nie.

Die laaste paragraaf van Aalders oor die persoonlike lewe van Barth (bl 33 en 34) is teleurstellend. Dit gaan hier om Aalders se opmerkings oor die sogenaamde 'verhouding' tussen Barth en sy sekretaresse, Charlotte von Kirchbaum. Onsself het óók Eberhard Busch se biografie oor die lewe van Barth met groot aandag gelees. Ons het hoogstens iets van 'n 'platoniese' vriendskap gemerk en niks anders nie. Ons self het Maandaemiddae in Barth se lesings gesit en dikwels gesien dat sy saam met Barth se eggenote óók na die voordragte kom luister het. Sou beide sy èn mevrou Barth so rustig saam met 'oom Carli' beweeg het as daar iets sinisters op die spel was? Ons glo nie. Dit is jammer dat Aalders Barth se leer en lewe, sy Dogmatiek en Etiek, op hierdie wyse verdonkermaan het. Het mevrou Barth nie haar man elke oggend wakker gemaak deur 'n bandopname van sy geliefde Mozartmusiek te speel nie, tot die laaste dag? Spreek dit nie boekdele uit die private lewe van man en vrou nie?

### 3.2 Barth op die spoor van Kohlbrugge?

Die leser van Barth se werk, *Die protestantische Theologie im 19 Jahrhundert* (1947), sal weet dat hy hierin met die teologiese gees van dié eeu afgereken het. Die hoofstuk oor Kohlbrugge (S.579-587) sien daar egter totaal anders uit. In Kohlbrugge vind Barth 'n egte reformator van die kerk en verwyt hy die teoloë dat hulle Kohlbrugge nooit raakgesien het nie. Lees mens die *KD* dan kom jy telkens weer te staan voor sitate wat met instemming uit Kohlbrugge se werke aangehaal word. Prima facie sou mens dus kan sê: geesgenote!

Tog kan mens nooit van Barth sê dat hy Kohlbrugge heelhuids aanvaar het nie. Ds De Reuver toon aan dat Barth se kritiek op Kohlbrugge in drie hoofpunte saamgevat kan word:

(a) Barth beskuldig Kohlbrugge van 'biblisisme', of soos hy dit noem 'Schrifthorigheid'.
(b) Kohlbrugge se 'Skrifverstaan' sou onaanvaarbaar wees; die 'scopus' van die twee here verskil.
(c) Kohlbrugge se leer oor die 'vernuwing' van die mens sou dan gans en al te veel in die teken van die 'dodende Wet Gods' staan. Hier is dus belangrike **verskille** tussen die twee.

Waarin lê egter die kern van die **verwantskap** tussen Barth en Kohlbrugge? De Reuver vind dit in die 'krisis-gedagte' wat sterk aan Luther en Kierkegaard herinner. By albei staan die mens in sy ganse eksistensie onder die oordeel van God. Beide sien die *theologia naturalis* as 'n

teologiese debakel waarin slegs 'n 'Pelagiaanse Christus' kan figureer. Net die plaasbekleding van Christus kan hierdie verlore mens red.

Op die vraag of Barth dan tog wel 'n 'Kolhbruggiaanse teologie' die lig laat sien het, antwoord De Reuver: Nee. Daar is 'n belangrike boegwending as dié twee in die gehéél vergelyk word en dit is 'n wending na vier kante toe. De Reuver noem dit **universalisme, monisme, triomfalisme** en **sistematisme.** Hy beskuldig Barth eerstens van **universalisme** vanweë sy interpretasie van die leer van die besondere genade. Barth sou dan aan ''n nuwe spekulasie' ten prooi val met sy stelling dat God se besondere genade algemeen in sy trefwydte is. Die genade sou dan universeel aangebied word maar, aldus De Reuver, die 'partikuliere toe-eiening van die genade' word deur Barth 'weggeteologiseer'. Die rol van die mens verdwyn. Uit die staanspoor moet ons sê dat dit nie korrek is nie. Die werk van die Heilige Gees skep juis hierdie toe-eiening. Wanneer Barth die werk van die Heilige Gees in die heiliging van die mens vooropstel (*KD* IV/2, par 66 en talle ander plekke), bewys dit dat hierdie verwyt uiters onbillik is.

Tweedens sou Barth 'n 'monis' wees: 'God spreek slegs één woord, want Hy hét net één woord: Evangelie.' Hierby sluit aan die 'verswelging' van alles deur die 'christologiese perfectum'! Hierop gaan ons nie in nie. Ons het dit reeds gestel dat enige onbevange leser van die *KD* 'n **Christosentriese** teologie voor hom het en nié 'n Christus**monistiese** een nie.

Derdens sou Barth 'n **triomfalis** wees; hy ooraksentueer dit wat 'reeds' daar is ten koste van die 'nog nie'. Hierdie verwyt raak ons insiens 'n teologie wat deur en deur en resloos **eskatologies** wil wees, daar waar die 'nog nie' onmiskenbaar sy duidelike gestalte kry.

Vierdens word die twaalf dele *KD* as 'n stuk **sistematisme** gekwalifiseer. Natuurlik was Barth professor in **Sistematiese** Teologie. Kan dit nou moontlik wees dat 'n man wat telkens en telkens bladsye eksegese aanbied, die Skrif gaan stel in diens van 'n bepaalde sisteem waarbinne alles ten alle koste ingedruk móés word? Nee, Barth was **sistematikus** soos min voor hom en na hom; hy was nie die slagoffer van sistema**tisme** nie.

### 3.3 KH Miskotte op voetspoor van Barth

Miskotte laat hom nie maklik 'klassifiseer' nie. By geleentheid van sy afskeid as kerklike hoogleraar te Leiden, het ds HC Touw twee tekenende woorde gebruik om Miskotte se werk te beskryf. Dié twee woorde is **Woord** en **wêreld.** Daar tussenin staan Miskotte in missio-

nêre opdrag in solidariteit met God se skepsel; hy staan daar soos Paulus op die Areopagus. Die Woord is Woord vir 'n **gesekulariseerde** wêreld. Die Woord het op dié **wêreld** betrekking. Ons meen dat **hierin** 'n sterk geesverwantskap met AA van Ruler aan te toon is.

Dan gaan ds Den Boer voort om op kundige wyse die belangrikste perspektiewe uit die teologie van hierdie geniale denker, digter, teoloog uit te lig. Ons meen dat hy daarin slaag om deur te dring tot die wesenlike van wat Miskotte aan die kerk en aan 'n verworde Westerse kultuur wat vasgevang lê in die gees van nihilisme (Nietzche), wou sê. Die kerk móét die Woord aan só 'n wêreld profeties verkondig. Dit was Miskotte se hoogste *Anliegen*, sy sentrale tema.

Dit is seker ook juis om Miskotte se visie op die mens van die Weste (vandag) as negatief en selfs pessimisties te kwalifiseer. Dit gaan om die 'vierde mens', post-Christelik, post-burgerlik en post-persoonlik. Die gode swyg vir hom. Sy gode is dood; hy is hoogstens semi-Christen. So sien hierdie mens en wêreld in die kultuuranalise van Miskotte daaruit, 'n kultuur waarin drie hoofstrominge vloei: heidendom, Jodedom en Christendom. Daar is vir Miskotte, soos vir Barth, maar één geloof, omdat die openbaring tot die opheffing van álle religie lei. Die vierde mens is die ateïs, die nihilis. Dit is dus korrek om te sê dat hy 'n duidelike negatiewe oordeel oor alle religie fel. In Barth se leer oor die Woord van God (*KD* I, 2, par 17) lees die opskrif: 'Gottes Offenbarung als Aufhebung der Religion'. Hy praat van 'Religion als Unglaube'. Aan hierdie 'vierde mens' wil Miskotte (soos Barth), Jesus Christus vanuit die groot sentrum van die versoening uitbasuin, in volstrekte solidariteit met die mens wat só aangespreek word. **Vanuit hierdie middelpunt** dink Miskotte, soos Barth, terug na die begin (die skepping) en dink hy ook vooruit na die volkomenheid van die ryk van God aan die einde van die wêreldgeskiedenis. Die verbond van God vorm die 'innerlike grond' van sy teologie. Van hieruit leef en beleef Miskotte daagliks iets van 'n mistieke vreugde te midde van alles, ja selfs te midde van die lyding.

Die hoofbeswaar van Den Boer teen die 'Barthiaanse' teologie van Miskotte, kan mens van ons vriende in die Gereformeerde Bond telkens verwag. Ons het dit jare gelede uit die mond van die destydse voorsitter van die Gereformeerde Bond, prof Severijn, 'n paar keer gehoor. Dit gaan om die roete, die pad wat Miskotte (en Barth) loop vanuit hulle vertrekpunt van verbond-en-versoening na die skepping toe. Dié broeders sê altyd dat die Skrif begin by Genesis (en nie by Johannes nie). Ons sê dit óók. Ons lees die Skrif egter as Christene; ons

leef in die tyd van die **nuwe** verbond; álles het nuut geword. Eers dán, as die herskepping in sig kom, word die skepping werklik 'n *theatrum Dei*; ja die herskepping van die ganse skepping. Daar is 'n eerste Adam èn 'n tweede. Geen wonder dat Miskotte dieselfde aanklag hier teen hom kry as wat al die *decennia* teen Barth ingebring is 'n 'sentrifugale Christusmonistiese' teologie!

**PJ Theo Koekemoer**

**Faber, H (red) 1984 – Pastoraat: Balans en perspectief 2**

Kampen: Kok. 208 bladsye. Prys onbekend

Hierdie publikasie is die tweede in 'n reeks oor die pastoraat waarin nuwe insigte, metodes en resultate op die terrein van die pastoraat weerspieël word. Die skrywers is almal vakkenners en is verteenwoordigend van verskillende teologiese denkrigtings vanuit Switserland, Holland en die VSA.

Die werk word verdeel in drie afdelings. In die eerste afdeling word verskeie aspekte van die pastoraat belig, naamlik: Die spreke oor God in die erediens en pastoraat; Pastoraat by sterwe en verlies; Siekepastoraat aan kinders; Begeleiding van religieuse leefgroepe; Gesinsterapie en pastoraat. Die tweede deel van die boek bevat 'n aantal studies op die terrein van die godsdienspsigologie waarin fasette van die psigologiese godsdienservaring en belewing bespreek word. In die laaste deel verskyn vyf artikels onder die opskrif: Besinning. Daar word besin oor sake soos: vryheid en risiko, vryheid en kultuur, groepspastoraat, ensovoorts.

Dit is onmoontlik om in die bestek van hierdie resensie elke artikel afsonderlik te bespreek. Ek sal daarom bloot die verdienstelikheid van sommige artikels vir ons situasie probeer uitwys en hier en daar enkele kritiese opmerkings maak. Die enkele kritiese opmerkings impliseer nie noodwendig dat alle ander standpunte sonder kritiek aanvaar word nie.

Dr Van der Geest is psigoloog-teoloog en vanuit dié perspektief handel hy oor die probleem van die spreke oor God. Hy kom vanuit preekanalises tot die gevolgtrekking dat daar in die prediking selde 'n duidelike, aktuele boodskap oorkom: 'Vrijwel alle mensen willen in de kerkdienst het evangelie zo horen, dat het weer levend voor hen wordt.

Te vaak worden ze teleurgesteld' (bl 11). Die nie-verbale kommunikasie in die prediking doen dikwels aan die gesproke woord afbreuk. Hy bepleit 'n verhalende styl in die prediking in plaas van 'n argumentatiewe styl.

Ten opsigte van die pastoraat maak hy die belangrike stelling dat die pastor nie 'n psigiater of terapeut is wat op navraag in 'n spreekuur te woord gestaan kan word nie. Hy moet die insisiatief openbaar om ook ongevraag te vertroos en te bemoedig. Pastors moet hulle nie te veel beroep op die mondigheid van die mens nie, want: 'In emotionele zin zijn de mensen juist minder mondig dan in het verlede' (bl 16). Die psigologie het die pastor beïnvloed om soveel klem te lê op dit wat mense aan hom wil vertel, dat hy nalaat om 'iets' aan hulle in hulle nood mee te deel.

Insiggewend is ook sy waarneming dat vanuit die nuwere opvatting dat pastoraat hulpverlening is, die pastoraat tot terapie aan mense in 'ellende en conflicten' vereng word. 'Het veld van de zielsorg is veel breder dan hulpverlening, en de pastor faalt in de breedte als hij zichzelf als hulpverlener ziet' (bl 17). Hierdie artikel is vir elke pastor en homileet insiggewend.

In 'n artikel van M Blom oor pastoraat by sterwe en verlies word die hele pastoraat gekonsentreer en gereduseer tot die kwaliteit van lewe in die tyd van dood en rou. Die leemte is egter dat die kwaliteit slegs gevul word vanuit die moontlikhede hier en nou en dat die betekenis van die eskatologie vir die lewenskwaliteit hier en nou, nie verdiskonteer word nie. Soos bepaalde fases in die sterwensbegeleiding onderskei word, wil die skrywer ook sekere fases in die tydperk van rou identifiseer. Hierdie fases verloop volgens hom in 'n spiraalbeweging.

Dr W Stange het oor die siekepastoraat aan kinders gepromoveer en is tans verbonde aan 'n hospitaal te Amsterdam waar hy hom op die kinders toespits. Omdat hierdie terrein nog feitlik braak lê in die pastorale ondersoek, is sy bevindings en praktykervarings vir elke pastor van groot betekenis, in die besonder vir hospitaalpredikante.

Groepwerk as 'n moontlikheid vir pastorale funksionering is 'n saak wat steeds meer aandag geniet. Twee fasette hiervan word aangeraak, naamlik ervarings met die begeleiding van religieuse leefgroepe en groepspastoraat. In die eerste artikel van A Uleyn word myns insiens te veel gemaak van die woord 'begelei' as slegs nie-direktief van aard waarin die ervaring en gevoel van die groep die belangrikste is. Houtsma toon tereg later in sy artikel aan dat daar altyd die gevaar van emosionele verdrinking in 'n poel dreig. Tog is daar in die artikel van

Uleyn belangrike rigtingswysers vir die organisasering en hantering van so 'n groep.

Gesinsterapie en pastoraat word deur AJ van den Blink bespreek en hy dui weer op die belangrike feit dat die mens altyd in verhouding met ander, waarvan die gesin die belangrikste is, funksioneer. Dit is eintlik 'n bekende pastorale gegewenheid wat hy weer opnuut benut. 'Het fundamentele inzicht dat gezinstherapeuten gemeen hebben, is dat emotionele problematiek een verschijnsel van een systeem is' (bl 62). Hy gee 'n uiteensetting van drie modelle van gesinsterapie. Hieruit blyk weer duidelik dat daar nie 'n **bepaalde** model is nie, maar dat elkeen vir 'n bepaalde model en metode kies. Die gevaar in sy 'systemisch-cybernetisch' geörienteerde benadering is dat soveel klem op die homeostasie in die gesin gelê word dat die individu se eie verantwoordelikheid disintegreer. Hy speel individualiteit en relasionaliteit teenoor mekaar af as die individualiteit in sy keuse vir relasionaliteit nie tot sy reg kom nie. Dit lyk meer gebalanseerd om te praat van 'n individualiteit in relasionele verhouding met ander. Gewone huisbesoek as voorwaarde vir gesinsterapie word sterk beklemtoon.

Die twee artikels op die terrein van die godsdienspsigologie bring insiggewende fasette van die mens se belewenis van sy geloof en die voorstelling in beelde na vore. Dit word geïllustreer met praktiese voorbeelde van sogenaamde 'credo-oefeninge'.

W Zijlstra bring die pastoraat in die kader van die bydrae van die pastor tot die geestelike volksgesondheid. Nieteenstaande hierdie verskraalde visie maak hy tog die uiters belangrike kwalifikasie dat die pastor deur die psigologiese voorveld beweeg: 'Maar de focus van zijn pastoraat blijft gericht op iets ánders: op de mens in zijn eigenlijke nood ...' (bl 131).

In die laaste besinningsgedeelte maak Andriessen vanuit die oogpunt van supervisie 'n onderskeid en teenstelling tussen die begrippe vryheid en risiko in die pastoraat. 'Het duidt erop dat supervisie zowel persoonlijk initiatief als indoctrinatie kan bevorderen. Dat supervisie dit eerste bedoelt, is al een oud gegeven. En dat zij dikwijls in het laaste resulteert is al bijna even oud' (bl 156). Hy pleit vir 'n duidelike struktuur teenoor onbeperkte leervryheid.

Die laaste artikel wat ek wil uitsonder, is dié van R Houtsma oor groepspastoraat. Hy behandel hierdie onderwerp aan die hand van 'n voorbeeld uit die kerkgeskiedenis, naamlik die groepe of 'Banden' soos Von Zinzendorf dit onder die *Herrnhutters* laat funksioneer het. Hy slaag daarin om die positiewe sowel as die negatiewe aspekte daarvan

na vore te bring. Hy toets die groepe aan die insigte van die psigologie en groepsdinamiek. Dit is 'n uiters prikkelende ondersoek wat vir elkeen wat hom met groepwerk besig hou, van belang is.

Ek het 'n poging aangewend om 'n kursoriese oorsig te gee van 'n publikasie met 'n wyduiteenlopende inhoud. Alhoewel 'n mens dit met 'n kritiese oog moet lees, bied dit vir elke teoloog veel stof tot nadenke en open dit nuwe vergesigte. Vir iemand wat op die hoogte wil wees van navorsing op die terrein van die pastoraat, is dit 'n nuttige hulp en oriëntasie.

**TFJ Dreyer**

**Schmithals, W 1984 – Die Briefe des Paulus in ihrer urspünglichen Form**

Zürich: Theologischer Verlag. 191 bladsye. Zürcher Werkkommentare zur Bibel. Prys onbekend.

Nadat hy hom van die navorsing van by die 300 jaar vergewis het, tree Schmithals met hierdie boek as redakteur op om vir die eerste keer die Corpus Paulinum in oorspronklike vorm uit te gee. Die redakteur se bedoeling met hierdie uitgawe is enersyds dat die oorspronklike briewe vir hulself moet praat en andersyds om hiermee 'n bydrae tot die Paulus-navorsing te lewer.

Schmithals bied 'n vertaling in vetgedrukte letters aan waarin onnodige vryhede vermy is en die retoriese struktuur van die oorspronklike taal behou is. Deur middel van inleidings, kantaantekeninge, teksverwysings en literêr-analitiese notas word die materiaal toegelig. Hoewel die vertaling oor die algemeen dit is waaraan mens gewoond is, kom daar 'n verrassing soos in 1 Korintiërs 15:19 voor: 'Wenn wir in diesem Leben nur eine (leere) Hoffnung auf Christus setzen, so wären wir bedauernswerter als alle anderen Menschen.' Aan die kant, by Galasiërs 2:17–20, teken Schmithals aan dat Romeine 6:1 vergelyk kan word met hierdie van-die-hand-gewysde beswaar uit die sinagoge in verse 17b en 19–20. Vers 18 is 'n randglosse by vers 17 wat vers 17 verkeerd verstaan. In vers 20b gebruik Paulus 'n oorgelewerde belydenisuitspraak. 1 Korintiërs 9:19–22 deel die redakteur soos volg in: vers 19 – basissin, verse 20–22a – diskussie en vers 22b kort samevatting. Die brief aan Filemon bestempel Schmithals as 'n 'unübertroffenes Kleinod seelsorgelicher Leitung in jenem Glauben, der in der Liebe tätig ist'.

Schmithals onderskei tussen die 'Hauptsammlung' en die 'Neben-

sammlung' wat die oorspronklike redakteur uitgegee het. Vir die hoofversameling het die redakteur 25 briewe aan 6 verskillende adresse tot 7 saamgestel, omdat 7 as teken van 'n geheel geld. Die korrespondensie met Korinte was die omvattendste en deur die invoeging van 1 Korintiërs 1:2b ('en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here') is die hoofversameling van 'n katolieke adres voorsien. Die briewe van die hoofversameling (1 Kor, 2 Kor, Gal, Fil, 1 Tess, 2 Tess en Rom) dateer almal uit die sogenaamde derde sendingreis van Paulus, 'n tydperk waarin Paulus met 'n entoesiasties-gnostiese teenbearbeiding te kampe gehad het. Die versamelaar, redakteur en heruitgewer wil die bindende 'profetiese' erfenis van Paulus aan die hele kerk van sy tyd beskikbaar stel. Sy tyd was gekenmerk deur die sogenaamde *Aposynagogos:* ... 'jene Situation, in welcher das Judentum sich nach der Zerstörung Jerusalems nach 70 unter der Förderung durch die Römer als pharisäisch-rabbinisches Judentum neu organisierte' (S. 18). Die Christene wat hiermee nie wou saamgaan nie, is deur die sinagoge uitgedryf en het ook geen regsbeskerming van die staat geniet nie. Die redakteur lewer politieke apologie, polemiseer teen die offisiële Jodedom en druk die apokaliptiese na-verwagting wat onder druk van vyandskap en vervolging ontstaan, op die agtergrond om hierdie situasie die hoof te bied. 'Die theologischen Zusätze des Redaktors der Hauptsammlung' (S.160 ff) bestaan uit 1 Tessalonisense 2:14–16; 2 Tessalonisense 4:15–18; 2 Tessalonisense 1:4b-10; 2 Tessalonisense 2:5–8a, 9–12; Romeine 6:17b; Romeine 13:11–12a; Romeine 13:1–7 en Romeine 16:25–27.

Die neweversameling bestaan uit drie, 'begin, middel en einde', briewe (Kol, Filem en Ef). Die oorspronklike Kolossense het Paulus saam met Filemon uit die tronk in Efese geskryf. Kolossense vorm die middel van hierdie geheel want 'er hat mit dem Philemonbrief Rahmen und briefliche Situation gemeinsam, infolge seiner deutero-paulinischen Erweiterung aber mit dem Epheserbrief die meisten seiner theologischen Inhalte' (S.165). Die hoofdoel van die neweversameling is om die heiden-Christene van die Pauliniese gemeentes op die hart te druk om die gelowiges wat uit die sinagoge-verband uittree, op te neem en tegelyk die reëls van sinagogale sedelikheid by die heiden-Christene in te skerp. 'n Bykomende doel is om die gemeentes teen die gnostiserende vleuel van die Pauliniese Christendom af te grens.

Schmithals verwag sekerlik nie dat hierdie uitgawe algemene instemming sal geniet nie, trouens hy verskil van sy eie vroeëre inde-

ling van *Die Korintherbriefe als Briefsammlung* (1973). In *Der Römerbrief als historisches Problem* (1975) het Schmithals die moontlikheid genoem dat Romeine 5:1–11 by die sogenaamde **Tessalonisense-brief A** (dit is 2 Tess 1:1–40, 11–12; 3:6–16) ingedeel kan word. Nou vorm Romeine 5: 1b–10 die slot van die sogenaamde **Korintiërs-brief N** (dit is wat Schmithals die *Freudenbrief* noem). Nogtans is hierdie uitgawe 'n verdere stap na die korrekte rekonstruksie van Paulus se behoue korrespondensie en kan dit gebruik word as definitiewe hulp om hierdie korrespondensie te verstaan.

**PB Boshoff**

### Wind, A 1984 – Zending en oecumene in de twintigste eeuw I

Kampen: Kok. 344 bladsye. Prys onbekend

Hierdie omvattende werk is as 'n handboek bedoel. Dan is dit ook maar nog net Deel I en handel dit oor die onderwerp sedert die begin, naamlik Edinburgh 1910 tot Evanston 1954. Sedert 1954 het meer as dertig jaar verloop. Dit sal in Deel II nog behandel word.

Die omvang word deur twee faktore bepaal. Eerstens is die teks uitgebreid, vertellerig-interessant, maar tog baie sistematies. Dit beslaan 307 bladsye. Daarna volg 72 bladyse voetnote wat die opsporing van die bronne van elke hoofstuk se inhoud vergemaklik. Dan volg nog 'n 28-bladsye-lys van aangehaalde literatuur en daarna 'n volledige register van persone wat baie handig is. Om byvoorbeeld op te spoor wat AJG Oosthuizen se aandeel in die saak was, blaai jy net volgens inligting van die register na bladsy 294.

Nadat die negentiende-eeuse agtergrond geskilder is, word met Edeinburgh 1910 begin. Hierna volg 'n vaste sistematiese patroon in die behandeling van die duisternis van gegewens. Eers word die voorbereidende werksaamhede van studiegroepe, konferensies, besoeke, korresponsdensie, publikasies en so meer van 'n vergadering bespreek. Dan volg 'n agtergrond beskrywing van alle belangrike omstandighede van die tyd waarin 'n vergadering plaasgevind het. Daarna word die gang van 'n vergadering bespreek. Dit sluit onder andere in: die getal afgevaardigdes, watter lande en kerke verteenwoordig was, wie die opening waargeneem het (bv dr KHE Gravemeyer [bl 185]), hoe laat en

met welke orrelbegeleiding die nagmale gevier is, Bybelstudie wat gedoen is, referate en referente, 8-ton papier vir Evanston (bl 274), en nog baie meer.

Die belangrike besluite van elke vergadering word bespreek en daarmee saam word ook al die standpunte, sienings, idees en so meer sistematies aangebied. In hierdie opsig is die boek baie beter en lees werklik aanlokliker as hedendaagse vleeslose kerkvergaderingnotules.

Elke bespreking oor 'n spesifieke vergadering word met 'n evaluering afgesluit. Hier word ruimskoots gebruik gemaak van die metode om aan te haal wat bekende kundiges oor die vergadering gesê het. Die skrywer se mening kom baie min subjektief na vore. Dit verhoog die standaard van hierdie skryfwerk. Soms slaan sy oordeel wel deur en gewoonlik moet 'n mens dan van hom verskil!

Baie interessante sake en tendense in die ontwikkeling en samegroeiing van sending en ekumene is in hierdie werk geboekstaaf, byvoorbeeld waar die aandag vir die rasse-aangeleentheid begin het (bl 55), die oue kontrovers tussen kontinentale fundamentaliste en Angelsaksiese moderniste (bl 57), verwikkelinge rondom die *Theologia Religionum* (bl 58), die bekende boek van Hendrik Kraemer, *The Christian message in a non-Christian World* (bl 135-141), 'evangelicals' (bl 151), apartheid (bl 216, 248, 273, 292), gemengde huwelike (bl 294), en so meer.

Veral is dit interessant om op die keerpunte in die ekumeniese geskiedenis te let, byvoorbeeld: Klemtoon op die Heilige Gees sonder die Woord (Whitby 1947 - bl 165), identifisering van kerk met koninkryk (Whitby 1947 - bl 166), politieke interpretasie en revolusie in die wêreld (Whitby 1947 – bl 167), kerke aanvaar self verantwoordelikheid tot ekumene (bl 210), 'missions' word met 'mission' vervang (bl 229), eenheid in plaas van waarheid (bl 279), teologiese eenstemmigheid tussen Amerikaners en Europeërs oor die eskatologie (Evanston, 1954, bl 303), die ontstaan van 'n 'ekumeniese teologie' (Evanston, 1954, bl 304). Hierdie keerpunt-verskynsel word in die ekumene voortgesit. Daarom verwys hierdie eerste handboek vooruit na die tweede een wat verder sal handel oor onder andere die volledige integrasie tussen sending en ekumene wat in New Delhi in 1961 plaasgevind het (bl 306).

'n Mens is spyt dat jy nie 'n volle reikwydte oor die ekumene en sending in één bundel kon hê nie. Dit sou natuurlik afbreuk gedoen het aan die huidige winspunt van volledigheid.

Tegnies is daar min foute. Bladsy 25 se voetnoot op bladsy 315 ontbreek, byvoorbeeld. Maar dergelike gebreke is onvermeldenswaardig.

Hierdie boek is 'n ontsaglike hulp vir elke navorser op hierdie terrein.

**HG van der Westhuizen**

## Hoek, J 1984 – Man en vrouw naar Gods beeld

Kampen: Kok. Reformatie reeks. 126 bladsye. Prys onbekend

Hierdie boek van dr Hoek lewer 'n waardevolle bydrae tot ons kennis van die Christelike huwelik. En wat die boek verder waardevol maak, is dat dr Hoek probeer om 'n **Bybelse** besinning oor die huwelik te bied, soos die subtitel van die boek ook aandui. Hy begin met 'n historiese oorsig oor die huweliksbeskouing binne Nederland sedert 1952 se Algemene Sinode, en hy bepaal sy eie posisie binne hierdie ontwikkeling. Hy identifiseer drie kerklike strominge wat tot vandag toe deurloop:

1. Die **kritiese aanvaarding** van die moderne moraal. Hier verwys hy byvoorbeeld na Van Gennep wat – hoewel krities – ruimte in kerklike geledere vir die homeseksueel soek sowel as onder andere vir diegene wat voorhuweliks seksueel verkeer. Dr Hoek wys tereg daarop dat die rigting hand aan hand loop met die nuwere Skrifbeskouing wat onderskeid tref tussen die-vir-vandag-normatiewe-Skrif en die tydsgebonde, historiese Skrif wat vandag nie meer van toepassing is nie. Die gedeeltes in die Bybel wat teen homoseksualiteit praat, is dan tydsgebonde en nie van toepassing nie. Die hedendaagse situasie is dan net so normatief soos die Skrif. In hierdie rigting word feitlik alle seksuele omgang goedgepraat, solank daar van liefde tussen die twee (of drie?) partye sprake is.

2. Die tweede stroming wat dr Hoek identifiseer, is die van **gedeeltelike integrasie**. P J Roscam Abbing se werk *Liefde en seksualiteit* (1972) is hiervan 'n goeie voorbeeld. Hierin word die Evangelie as fundamenteel maatgewend gesien en word alle buite-huwelikse seksuele omgang as verkeerd beskou. By hierdie rigting word egter ook vir buite-huwelikse seksuele omgang in 'noodsituasies' ruimte

gelaat. Een so 'n noodsituasie is die kompulsiewe en aangebore homoseksueel. Die persoon doen ernstige sielkundige letsels op as sy seksuele uitlewing belemmer word.

3. Die derde stroming is die van **fundamentele konfrontasie** met die moderne moraal, waarvan dr Hoek homself deel sien. Hier is nie sprake van 'n kompromis nie. Die wet van God word vooropgestel en die veroordeling van dié wat die wet oortree. Daar word egter ook baie aandag gegee aan die vryspraak wat Christus bied, maar ook aan Christus se opdrag van 'gaan heen en sondig nie meer nie'.

Vanuit hierdie standpunt bespreek dr Hoek die huwelik breedvoerig in die lig van die skepping, die sondeval, versoening en voleinding, en gee hy ook aandag aan seksualiteit in Bybelse perspektief.

Al hierdie onderwerpe word besonder prakties met besprekingsvrae aan die einde van elke hoofstuk aangebied. Wat die boek ook besonder bruikbaar maak, is die feit dat daar taamlik literatuurverwysings is, asook 'n volledige register van aangehaalde Bybelgedeeltes.

Dr Hoek slaag daarin om al die relevante Skrifgedeeltes teologies diepsinnig te laat spreek, en ook die Bybelse boodskap duidelik tuis te bring. Hy slaag daarin om Skriftuurlik en genuanseerd te praat oor dinge soos seksuele genot (binne die huwelik), sonde, verlossing en die invloed daarvan binne die Christen se huwelik. In alles konfronteer hy fundamenteel die moderne moraal en relativistiese Skrifbeskouing, en laat hy die huwelik in duidelike Bybelse terme tereg kom.

**WA Dreyer**

**De Groot, CG 1985 – Desiderius Erasmus**

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F Z Nommer 27. 77 bladsye. Prys R4,00.

Tereg word in die voorwoord van hierdie werkie gestel dat daar slegs 'n klein groepie mense in Suid-Afrika is wat nog besef watter belangrike rol Erasmus eenmaal in Europa gespeel het. Dit is jammer dat dit so is, want hy het as intellektuele reus bo al die geleerdes van die Middeleeue uitgestyg. Sy gepubliseerde werke, waarvan *Die lof van die*

*sotheid* seker die belangrikste is, bevat kostelike, diepsinnige en verrykende gedagtes.

In die lig van dit alles is hierdie bundeltjie oor die lewe en werk van die brijlante humanis, Erasmus, 'n welkome stuk literatuur in Afrikaans. Veral omdat die skrywer daarin slaag om, sonder 'n omhaal van baie woorde, hierdie groot geleerde as 't ware te laat herleef.

Wat baie duidelik in hierdie biografie na vore kom, is die feit dat Erasmus, wat tot aan die einde van sy lewe 'n getroue ondersteuner van die Roomse Kerk gebly het, nie 'n stryder was nie. Dit is bekend dat hy as lid van die Roomse Kerk 'n hervorming van die kerk van binne uit wou bewerkstellig. As sodanig het hy ook die Roomse Kerk en ampsdraers gekritiseer, dog altyd op 'n versigtige en soms speelse wyse. De Groot se gevolgtrekking omtrent hierdie styl van Erasmus is dat hy wesenlik 'n man sonder integriteit was (bl 20).

So kan daar op nog talle voorbeelde gewys word van interessante perspektiewe wat hierdie werkie op die lewe van hierdie begaafde mens open, soos onder andere sy verhouding met Luther.

Die bundel word van harte aanbeveel, met die oortuiging dat dit vir elke belangstellende in die geskiedenis van die Westerse mensheid, en in besonder die geskiedenis van die Christendom, 'n bron van genot sal wees.

**HJ Botes**

**Van der Walt, B J 1985 – Johannes Hus**

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F Z Nommer 28. 30 bladsye. Prys 2,00.

Hierdie kernagtige werkie oor Johannes Hus, een van die wegbereiders van die Reformasie, is deel van die Instituut vir Reformatoriese Studies se reeks oor die Hervormers.

Die keurig versorgde brosjure is in vloeiende, eenvoudige taal geskrywe en dit boei end-uit. Die leser kan heelwat te wete kom aangaande die leer sowel as die lewe van Hus wat vir so baie van die huidige geslag Afrikaners 'n onbekende figuur is. Dit is juis dié feit wat die boekie aanbevelingswaardig is.

Van der Walt slaag goed daarin om Hus se stryd teen verval in die Roomse Kerk by sy leser tuis te bring, en dan op so 'n wyse dat dit dien tot inspirasie vir elke gelowige van ons dag.

Ek is oortuig dat so 'n belangrike stuk kerkgeskiedenis wat so kernagtig saamgevat is, 'n wye leserskring behoort te geniet. Hierdie werkie verdien dit.

**HJ Botes**

**Dijkman, JH 1984 – De dynamiek van Christelijke zedelijkheid**

Kampen: Kok. 86 bladsye. Prys onbekend.

Die skrywer wil met hierdie boek 'n bydrae lewer oor die eie aard van die Christelike sedelikheid. Hy slaag goed daarin om 'n mens te oortuig dat die Christelike etiek 'n eie bestaansreg het. Die verhouding van Christelik en sedelik sien die skrywer as dinamies. Hy het wel die begrippe 'paradoksaal' en 'dialekties' oorweeg, maar uiteindelik besluit dat die begrip 'dinamies' hierdie verhouding die beste uitdruk. Die Bybelse woord waarin die aard van die dinamiek die beste na vore sou kom, is volgens die skrywer die woord 'vervulling' soos ons dit byvoorbeeld in die begrip 'die liefde as **vervulling** van die wet' vind. Die skrywer illustreer die, na sy mening, fundamenteel dinamiese grondstruktuur van die Christelike sedelikheid aan die hand van 'n aantal begrippe wat hy meen dinamies gekoppel is.

Die skrywer is van mening dat daar eerstens 'n Christelik-etiese dinamiek in die eenheid van menslike saamwoning en God se inwoning lê. Die skrywer wys hier op die taalkundige verband wat daar in die Indo-Germaanse taalfamilie tussen die woord 'sede' en die begrip 'woon' (woonplek) is. Hy is van mening dat 'die mensheid' nie opgevat kan word as 'n abstrakte begrip nie, maar as 'n geheel van saamlewende en saamwonende mense. Hy wys ook daarop dat by die sogenaamde primitiewe volke die etiek nooit in 'n wysgerigte deurdenkte sisteem of lewensgebied wat as apart en personalisties beleef is, gevorm is nie, maar as 'n baie gedifferensieerde geheel van praktiese leef- en gedragsvorme. Hierdie vorme het uit die saamwoon van stam-familie en -volk gegroei. Hy sien die sedelikheid van Ou Israel ook as 'n woon-etos en is van mening dat daar in die Ou Testament 'n samehang van sedelike lewensgedrag met die begrip 'woon' te vinde is, soos byvoorbeeld in Psalm 37:9 en 27. Die sedelikheid van Israel kan nie teoreties benader word nie, maar is 'n heel praktiese sedelikheid wat ontwikkel het uit die hele geskiedenis van hoe 'n aanvanklik noma-

dies-wonende herdersgroep tot 'n samelewing van mense en families met 'n lewende en leefbare woon- en werkgemeenskap en tot 'n volk met 'n volkseie vaderland en woongebied geword het. Israel se etiese norme is die beliggaming van die etiese geskiedenis wat met hierdie geskiedenis saamgegaan het. Israel se etiek kry egter sy diepste dimensie uit die feit dat God kom inwoon het onder hierdie volk wat sy eie woonplek in die beloofde land gekry het. Hierdie feit van die inwoning van God maak Israel se sedelikheid onderskeie van dié van enige van die omringende volke. Hoewel daar in die Nuwe Testament geen sprake is van 'n gemeenskaplike volks-etos soos in die Ou Testament nie, het die vroeë Christendom die vervlegtheid van die geloof in God se woon onder mense met die opbou, in etiese sin, van 'n menslike leef- en woongemeenskap uit die Ou Testament oorgeneem. In die Nuwe Testament is dit dan veral Jesus Christus, as God se blywende inwoning onder ons, wat die draende krag van hierdie vervlegtheid is.

Christelike sedelikheid is ook volgens die skrywer geleë in die dinamiek van die eenheid van diensbaarheid en vryheid, soos dit onder andere na vore kom in die begrippe 'kneg' en 'seun'. Christene is volgens die skrywer niks anders nie as diensknegte in die sin van Lukas 17:10. Kneg-wees beteken dat 'n mens onder die eis van onvoorwaardelike gehoorsaamheid staan, daarom het die Christelike sedelikheid altyd iets van die onvoorwaardelike gebod, iets van 'n 'kategoriese imperatief'. Die gehoorsaamheidseis wat aan onverdienstelike slawe (knegte) gestel word, word positief uitgeleef in 'n etiek van geregtigheid, van gehoorsame regverdigheid. Hierdie geregtigheid kom na vore in 'n lewe uit die liefde. Christus as die Seun is die vervulling van die geregtigheid en daarom is Christelike sedelikheid die lewensgedrag van die 'onverdienstelike knegte' wat in Jesus Christus die voorbeeld vir navolging en die toonbeeld van 'vervulde' geregtigheid en naasteliefde gevind het.

In die derde plek, stel die skrywer, is Christelike sedelikheid ook die dinamiek wat in die eenheid van die uitverkiesing van die 'Een' en die opoffering vir die 'baie' gevind word. Die uitverkiesingsgedagte, soos dit in Christus na vore kom, gee aan Christene 'n model vir verantwoordingsvolle etiese optrede wat rondom die gedagte van 'n sedelike verantwoordelikheid van elkeen vir almal en omgekeerd van almal vir elkeen gebou is.

In die vierde plek sien hy ook Christelike sedelikheid as die dinamiese eenheid van geestelike inkeer en Geesvolle deurbraak. Hieronder verstaan die skrywer aan die een kant die werk van die Heilige

Gees waar Hy as die blywende en diep verinnerlikende krag in menselewens werk. Hierdie werk is 'n proses wat voortgaande bekering en vorming van die hart bewerk. Aan die ander kant verstaan hy hieronder ook die proses waardeur die Heilige Gees wat op hierdie manier in mense se lewens werk, deur middel van hulle lewens Hom na die wêreld daarbuite rig deurdat Hy in hulle optrede en dade iets van God se heil aan die wêreld uitdra. Hy dink dan in die besonder aan die sending.

Die eie aard van die Christelike sedelikheid kom volgens die skrywer ook na vore in die dinamiese eenheid van ons tyd, dit wil sê verlede, hede, toekoms en ewigheid. Die sedelike is ook tydgebonde en verbonde. Dit is eie aan die Christelik-sedelike om ons menslike tyd te sien as God se heilstyd waarin die dinge wat in ons menslike tyd lê, saamgevat word in 'n heilsperspektief waarin verlede, hede en toekoms met mekaar vervleg en op mekaar betrekking het. Menslike tyd word beleef as tyd waarin God tot heil van die mens aan die werk is. En die eenheid van heils-hede, heils-verlede en heils-toekoms werk dan vormend in op die eietydse lewe. Hierdie heilstyd van die menslike lewe word dan gesien in die lig van en as gerig op die ewigheid waarin God se heil tot volle verwerkliking kom. Die Christelike lewenspraksis staan onder die spanning van die toekoms en ewigheid wat alreeds in Christus deurgebreek het, maar aan die ander kant onder die feit dat ons nog steeds in die tyd wat verbygaan, leef. So verstaan ek in elk geval die skrywer.

In die laaste plek skilder hy die Christelik-sedelike as die dinamiese eenheid van wet- en wetsvervulling.

Die skrywer gaan nie in op konkrete etiese vraagstukke nie. Hy gaan eerder in op die breëre en diepere agtergrond wat 'n Christen daartoe bring om juis op 'n spesifieke en besonderse manier, en nie anders nie, met etiese vraagstukke om te gaan en wat ook vormend inwerk op sy etiese oordeel, uitsprake en optrede. Hy lewer beslis 'n bydrae tot 'n verheldering van die moontlike invalshoek van waaruit die Christelike etiek eietydse etiese probleme kan benader en hy doen dit op so 'n wyse dat die gevolgtrekking waartoe gekom word as werklik Christelik bestempel kan word.

Ek het egter met die boek in dié opsig moeite gehad dat dit wat die skrywer wil sê, nie helder oorgekom het nie. 'n Mens moet met groot konsentrasie en soms twee keer lees om op sommige plekke agter te kom waarheen hy mik. Aanvanklik het ek gedink dat dit daaraan te wyte is dat hy vanuit 'n milieu van etiekbeoefening skryf wat vreemd

is aan my eie agtergrond. Later was my indruk dat dit meer te wyte is aan sy skryfstyl wat sodanig is dat hy hom nie altyd helder uitdruk nie, dat hy gedagtespronge maak en dat hy by belangrike punte sy saak nie breedvoerig genoeg uiteensit nie.

Ten spyte van hierdie kritiek is dit 'n boek wat ten opsigte van die vrae rondom die inleiding tot die Christelike etiek waarde het.

**DJ Smith**

**De Groot, CG 1984 – Huldrich Zwingli (1484–1531): Die vurige stryder vir die Reformasie in Switserland**

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie: Reeks F2 Nommer 26

Die doel van hierdie publikasie is, soos aangedui, dat daar 'n bepaalde leemte in die lewe van die huidige geslag Afrikaners as die geestelike nasate van die sestiende-eeuse Hervorming geïdentifiseer is. Die leemte bestaan daarin dat daar nie voldoende kennis van die belangrikste persone in die tyd van die Reformasie bestaan nie, met die gevolg dat hulle nie na behore waardeer kan word nie. Indien die nodige kennis oor die belangrike tydperk van die Reformasie ontbreek, is 'n positiewe waardering onmoontlik en gee dit aanleiding tot 'n geestelike armoede onder die lidmaat van die kerk.

Dr De Groot begin met agtergrondgegewens van die politieke situasie van die tyd waarin die Hervormer optree, gevolg deur historiese gegewens oor die kinder- en jeugjare van Zwingli. Hierna bespreek hy die verhouding met Erasmus, sy breuk met die Roomse Kerk en die rol wat hy daarin gespeel het. Daar word klem gelê op die verhouding tussen Luther en Zwingli wat veral op die verskillende opvattinge rondom die nagmaal tydens die Marburg-gesprek (1529) strand. Hy grens hom ook af teen die Anabaptiste, omdat hulle, weens hulle radikalisme, vir hom 'n groot gevaar met betrekking tot die eenheid van die kerk inhou.

Daar word ook op die politieke betrokkenheid van die Hervormer klem gelê. Hierdie betrokkenheid is 'n betrokkenheid wat hom sy dood gekos het en waarin ons iets van die mens Zwingli ontdek. Hy is betrokke daarby vanweë die waarheid en vanweë die feit dat hy sy mense tot 'n beter lewenstandaard wil ophef. Ons leer hom ken as die

man wat die woord oortuigend kan gebruik om die boodskap van die Hervorming uit te dra.

Dit is die man wat selfs vir 'n man soos Carlstadt, 'n fanatieke dweper wat deur Luther uit Wittenberg verban is, by geleentheid deernis het. Ons sien Zwingli as die vriendelik, nederige en welwillende mens.

Die waarde van die geskrif is verder te vind in die feit dat die standpunte van meer as een van die Hervormers naas mekaar gestel word, sodat 'n geheelbeeld gekry word. Die boek slaag daarin om toeganklik te wees vir die gewone leser, asook vir die katkisant. Dit is selfs vir die teologiese student bruikbaar.

**BJ van Wyk**

**Van der Walt, BJ 1984 – John Knox: Die Skotse hervormer wat geen mens gevrees het nie**

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F2 Nommer 25

Soos die ander Hervormers kom Knox ook uit die Roomse Kerk en wat deur onder andere die bestudering van die Bybel en die kerkvader, Augustinus, oorgaan tot die Hervorming. In hierdie kort en ietwat bondige skets van die lewe van die Hervormer leer 'n mens iets van die mens ken en kan jy die lewensloop van Knox met sy vele ontberinge volg. Hierdie lewe bestaan uit veral sy arbeid in Engeland en sy bediening van die Woord aan die vlugtelinge in Frankfurt en Genève. Hy keer terug na sy vaderland op 2 Mei 1559.

Knox het twee beginsels nagehou: Absolute gehoorsaamheid aan die Woord van God en dat dit die hoogste roeping van die kerk en die gelowiges is om toe te sien dat hulle God en Saligmaker nie beledig word nie.

Hierdie werkie, hoewel uiters bondig, is vir die gewone leser toeganklik en kan 'n motivering vir verdere studie wees.

**BJ van Wyk**

**Smuts, AJ (red) 1985 – Die Woord aan die werk**

Pretoria: NG-Kerkboekhandel. 259 bladsye. Sagteband. Prys R14,25

Hierdie bundel is 'n samevatting van referate wat gelewer is op die SA Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, vir die periode 1983–1985. Die temas wat onderskeidelik by hierdie drie kongresse bespreek was, word in die bundel gereflekteer, naamlik: die kerklied, prediking en kategese. Skrywers van hierdie bundel verteenwoordig 'n wye spektrum van praktiese teoloë, verteenwoordigend vanuit die drie Afrikaanse susterkerke.

Die referate weerspieël die jongste teologiese nadenke oor die onderskeie onderwerpe. Die bundel gee egter ook blyke van die nuttige hulp van ander nie-teologiese dissiplines vir die Praktiese Teologie, veral op die terrein van die kategese, soos blyk uit die referaat van dr Millie Olivier. Die referaat van ds HJP Venter ondersoek byvoorbeeld ook die sosiologiese en psigologiese faktore wat die prediker en prediking beïnvloed. Sommige gedagtes mag vreemd op ons reformatoriese ore klink, maar is tog stimulerend en dwing 'n mens tot nadenke, soos byvoorbeeld in die artikel van dr MW Pretorius oor die vorme en gestaltes in die prediking.

In die geheel gesien kan die bundel aanbeveel word vir alle teoloë. Dit bied prikkelende insigte en waardevolle navorsing wat vir die diens van die kerk in die wêreld verrykend is.

**TFJ Dreyer**

**Cronjé, JM 1984 – Vroue met nardusparfuum**

Pretoria: NG-Kerkboekhandel. 270 bladsye. Hardeband. Prys R16,50.

Dis 'n nuttige publikasie van ISWEN met 'n buiteblad deur die Departement Beeldende Kunste, UP.

Die nuttigheid van die publikasie lê veral in twee dinge. Eerstens bied dit 'n goeie naslaanbron oor die onderwerp: Vroue in die Ned Geref Kerk se sending. Daarvoor is die naam- en sakeregister agterin ook baie handig. Die baie aanhalings, en selfs lang aanhalings, met die

nodige verwysings, die lyste van name en statistieke en datums onderstreep ook hierdie nut van die boek.

Die tweede nuttigheid is geleë in die feit dat dit ook lekker leesstof bied, omdat die aanslag steeds populêr is en die boek wemel van foto's. Graag noem ek 'n paar interessanthede wat die populariteit van die boek beklemtoon. Mej Faul wat in die Mosambiek-sending was, het in 1911 'n ryperd, Hendrik, ontvang om van dorpie tot dorpie te kan ry. Die perd het R60 gekos en R90 is betaal om Hendrik tot by sy bestemming te vervoer (bl 50). Die vrou van ds JF Linde, Anna Olson, van Sweedse oorsprong uit Amerika, was self 'n Metodiste-predikant (bl 45). Mev Cinie Louw, vrou van die sendeling-pionier, ds AA Louw, was die slim suster van dr DF Malan. Sy het saam met Jan Smuts skoolgegaan en beurtelings voor hom gestaan. Smuts het met haar kontak behou (bl 140).

Die boek se inhoud kan in hoofsake soos volg beskryf word. Eerstens word aandag aan vroue gegee wat in die kerk by wyse van sendingverenigings of individueel iets vir die sending gedoen het. Hier word begin met Maria van Riebeeck. Tog kry 'n mens die gevoel dat daar te min navorsing oor die algemeen gedoen is ten opsigte van vroue vóór ons huidige eeu. Tweedens is aandag aan die vroue van sendelinge gegee. Derdens kom sendingwerksters self aan die beurt. Die bittere lyding, swaar en ontbering wat hulle soms verduur het, gryp 'n mens aan die hart. Laastens word aandag aan sommige vroue uit die jong kerke gegee.

Klein ou foutjies is nie baie opvallend nie. Ek noem maar net sommige as voorbeelde: 'nadag' in plaas van 'nadat' (bl 105), '1964' in plaas van '1864' (bl 111); 'kraamopleding in plaas van 'kraamopleiding' (bl 184); 'met' in plaas van 'mev' (bl 254). Taalfoutjies soos die byna konsekwente aanmekaar skryf van weer eens (bl 53, 103, ens), is ook nie té steurend nie.

Alles in ag genome is hierdie boek self 'n pragtige kruik vol nardus.

**HG van der Westhuizen**

## Van Staden, AJ 1984 – Kom ons gaan kerk toe

Pretoria: Kital. 80 bladsye. Prys R5,95

*Kom ons gaan kerk toe* is nog een van ds Van Staden se boekies wat eerder vir die lidmaat bedoel is, as wat dit 'n swaar teologiese diskoers vir teoloë is. Sy behandeling van die korrekte viering van die Christelike rusdag, juis omdat dit kort en prakties is, is egter ook vir die predikant wat vinnig een en ander wil oplees oor Sondagviering, van waarde.

In die boek word aandag gegee aan die rusdag in die Ou Testament, en alles wat die Sabbatviering behels het. Daar word ook na die rusdagviering in die Nuwe Testament gekyk. Enkele aanwysings word gegee van hoe die rusdag van Sabbat (Joods) na Sondag (Christelik) verander het. Hierdie oorgang word dalk te maklik en eenvoudig gesien. Die Nuwe-Testamentiese tekste bied nie werklik vir ons inligting hieroor nie. Ds Van Staden toon duidelik dat Paulus nie gereken het dat die Sabbatsonderhouding vir die nie-Joodse gemeentes noodsaaklik was nie, net soos wat die besnydenis nie noodsaaklik was nie. Wat wel noodsaaklik was, was *'n* dag waarop die gemeente in aanbidding bymekaar kon kom. Wat ook duidelik is, is dat die vroeë kerk nie per besluit die Sabbat herroep het nie. Die vroeë kerk het grootliks aan die Sondag die inhoude van die Sabbat gegee, naamlik rusdag, feesdag, offerdag, erediensdag. Wat interessant is, is dat die oergemeente in Jerusalem bo en behalwe hulle eie byeenkomste steeds dié in die tempel bygewoon het (Hand 3).

Die tweede groot saak wat deur ds Van Staden aan die orde gestel word, is dié van die regte erediensbywoning. Dit is 'n saak wat baie nou met die regte rusdagviering saamhang. Hy behandel sake soos die voorbereiding vir die erediens, die gesindheid van die lidmaat teenoor die erediens, die prediker binne die erediens en ook die lidmaat se plig teenoor die wegblyer. Daar word ook gehandel oor die tug wat op wegblyers toegepas moet word.

In Kort: 'n Boekie wat met vrug gebruik kan word. Dit bring ook iets van die vreugde en blydskap tuis wat in 'n gelowige se hart op die rusdag moet wees.

**WA Dreyer**